# NUUS UIT DIE DIAKENBANK

Die diakonie se inligtingkommunikasieblad waardeur nuus of mededelings met die gemeente kommunikeer word.

## Sondag 25 Februarie 2024

Die Gereformeerde Kerk WATERKLOOFRAND

**Psalm 121**

*"Ek slaan my oë op na die berge: waar sal my hulp vandaan kom"*
*`n Bedevaartslied – Hy kan jou voet nie laat wankel nie – Ons bewaarder sal nie sluimer nie.*

==========================================================================

### Kollektes tydens die Nagmaaldiens

Die diakonie het besluit om weer vandag se kollekte onder die erediens toe te wys ter ondersteuning van Br. Quintin Venter se mediese uitgawes.

Die diakonie bedank die gemeente vir hul groot barmhartigheid en finansiële steun aan die Ventergesin. Indien u 'n addisionele bydrae wil maak, is u van harte welkom om dit in die diakonie se rekening te betaal met die verwysing – Quintin Venter.

### Huisbesoeke

Die diakonie doen deur die jaar met die krag en onderskraging wat elke ampsdraer deur die Heilige Gees ontvang, `n besoek aan huis van lidmate as deel van die liefdesdiens wat die diakonie verrig en versoek dat die gesinne hul deure sal oopmaak en u wyksdiaken sal ontvang, sal vertrou en in vrymoedigheid behoeftes sal deel om die dienswerk van die diakonie te vergemaklik.

### Nuwe diensgroep

Die diakonie het `n nuwe diensgroep geinisieër ter uitbreiding van die liefdestaak en roeping nl. `n Werksbank vir werksgeleenthede. Meer besonderhede oor dié aksie sal in die volgende nuusbrief verskyn.

### Diensgroep vir ons seniorlidmate

Dié diensgroep is baie toegewyd en is aktief betrokke by hul toegewysde seniorlidmate onder hul sorg geplaas met besoektyd in die hospitaal of sorgsentrum, of tuis na ontslag uit die hospitaal, `n oproep of besoek met die seniorlidmate se verjaarsdag met `n voorlesing vanuit die Bybel en gebed. Die diakens ondersteun die diensgroep deur behoeftes aan die groep deur te gee waar benodig word.
As jy jou gawes in die groep wil aanwend kontak Sr Rina Steenkamp 084 734 4181.

### Vervoer van- en na kerkdienste

Die diakens ondersteun met vervoerreëlings aan lidmate wat graag eredienste op Sondae wil bywoon. Kontak persoon - Herman Bonnet 071 871 2288.

### Diensgroep – "Jeug van Gister"

Hierdie aktiewe groep lidmate, die "Jeug van Gister" word ondersteun deur die diakonie met vervoer waar nodig en so ook met die groot kuiergeleentheid op Saterdag 16 Maart waar daar konsert gehou gaan word, ons lekker saam gaan sing uit die FAK en gesellig sal verkeer uit Toeka se dae met `n middagete vol nostalgie. Die diakens kuier graag saam. Rig navrae aan Sr Rina Steenkamp 084 734 4181 en kontak asb die diakonie vir ondersteuning met vervoer na die funksie op 16 Maart by die kerk.

**Nuwe diaken**
Br Braam Smit het onlangs die roeping as diaken opgevolg en is reeds in die amp bevestig.

**Samevatting van die stand van die diakonie finansies**
Met groot dankbaarheid teenoor die Here kan ons getuig dat die diakonie se finansies gesond is. Die diakonie tesourier, Br Otto de Vries het die finansiëleverslag aan die kerkraad voorgehou asook tydens die gemeentevergadering na die erediens van Sondag 11 Februarie.

**Die Glaskas**
Die diakonie versamel die muntstukke wat in die "glaskas", geplaas in die ingangsportaal van die kerkgebou se hoofingang, om sakgeld in te samel vir die kinders van die President Kruger Kinderhuis in Pretoria.

**Diaken verwelkomingsgroep**
Die diakens voel geroepe om hul gawes oor te dra aan die nuwe intrekkers van ons gemeente en elke nuwe lidmaat en gesin gemaklik te laat inskakel deur hul liefdestaak van ondersteuning en onderskraging onder die gemeenskap van die gelowiges te bevorder. Nuwe lidmate wat betrokke wil raak en inskakel by die aktiwiteite van die gemeente, skakel met die wyksdiaken of direk met Riaan Reineke 079 903 3930

**Kontantloos en kollektesakkie?**
Die kode van die "**SnapScan",** is 'n vinnige, maklike en kontanlose opsie vir offergawes onder die erediens. Dit is beskikbaar agterop die Waterkruik. Laai die toep af en skandeer tydens die opname van die kollekte.

**Die President Kruger Kinderhuis Pretoria**
Weereens dankie aan die lidmate van Waterkloofrand vir jul getroue bydraes van middele en finansiële steun en persoonlike betrokkenheid by die kinderhuis in verskillende rolle. Dankie aan die gemeente se spontane bydraes van oreo-koekies en smartieslekkergoed in oormaat op versoek vir die jaarlikse Kerstydbydrae vanuit ons gemeente.
`n Baie spesiale vermeldig aan Sr Fransma Scheepers, familie en vriendinne vir die geskenksakke aan die dogters van 16 jaar en ouer gevul met spesiale jongmeisie bederfies van grimering, toiletware en meer. Die bedankingsbriefies getuig van die groot dankbaarheid oor dié verrassing.

Groete uit die diakenbank
Saamgestel deur Marianna du Plessis
namens die diakonie/Februarie 2024.

